

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> 1 PETRUS 3 - 5
----------	------------------	--------------------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Petrus 3 - 5). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	<i>[CHRISTELIKE OUERSKAP]</i> DEUTERONOMIUM 6:6-7
----------	-------------------------	------------------------------------------------------

Repeteer twee - twee.

(3) Leer God se Woord. Deuteronomium 6:6-7. “Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.”

4	ONDERRIG (85 minute)	<i>[KERK HERSTELLENDEN BEDIENING]</i> UITOEFENING VAN TUG
----------	----------------------	--------------------------------------------------------------

Inleiding. Hierdie studie gaan oor die beginsels en praktyk van die uitoefening van tug. *Tug* is die maatreël wat ’n mens neem as iemand ’n oortreding begaan. Die maatreël moet beperk bly tot die oortreding en mag nie uitgebrei word na die res van die oortreder se lewe nie. Die doel van tug is nie om die oortreder te straf nie, maar om hom *na Jesus Christus* en na sy ‘smal pad’ toe terug te trek. Ons gaan verder kyk na die redes, die manier waarop opgetree word en die riglyne vir die uitoefening van tug.

A. REDES VIR DIE UITOEFENING VAN TUG

1. Die bevel om tug uit te oefen.

Inleiding. Christene is *verloste sondaars*. Hulle is *geregverdig*, d.w.s., al hulle sondes is *vergewe* en hierdie sondes sal nie teen hulle gehou word op die laaste oordeelsdag nie, omdat hulle in Jesus Christus glo (Johannes 5:24). Hoewel Christene voortdurend geheilig word deur die werk van die Heilige Gees in hulle en die bediening van ander Christene, val hulle tog nog in sondes (1 Johannes 1:8,10; 2:1). Meestal bely Christene hulle sondes en ontvang hulle vergewing en reiniging (1 Johannes 1:9). Maar as hulle hul nie van hulle oortreding (sonde) bekeer nie, dan word tug noodsaaklik.

Lees Matteus 18:15; 1 Korintiërs 5:9-13.

Ontdek en bespreek. In watter gevalle moet Christene tug uitoefen?

Aantekeninge. Dit gebeur soms dat ’n Christen hom nie bekeer of wil bekeer van sy oortreding nie. Hy probeer sy gedrag te regverdig of iemand anders vir sy sondige gedrag te blameer.

In Matteus 18:15 beveel Jesus Christus: “As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is.” Christene moet slegs tug toepas wanneer hulle weet dat ’n ander/mede-Christen ’n oortreding begaan het. In 1 Korintiërs 5:12-13 leer die apostel Paulus: “Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: “Verwyder die slegte mense onder julle uit!”

Wanneer Christene weet (sien of hoor) dat ’n ander Christen hom aan byvoorbeeld seksuele immoraliteit, hebsug m.b.t. geld, mag of roem, afgodery, leuens of kwaadspreker/skinder, dronkenskap of oneerlikheid (korrupsie), ens. skuldig maak, dan moet hulle teen die skuldige Christen optree.

2. Die waarde van die uitoefening van tug.

Lees Spreuke 3:11-12; 6:23; 10:17; 15:5; Prediker 8:11; Hebreërs 12:10-11.

Ontdek en bespreek. Wat is die groot waarde van die uitoefening van tug?

(1) Tug voorkom die verspreiding van sonde.

Prediker 8:11 waarsku: “Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen.” En Spreuke 10:17 waarsku: “Wie hom laat leer, ken die pad na die lewe; wie teregwysing verwerp, dwaal van dié pad af.” Daarom is die toepassing van tug noodsaaklik in die gesin, in die gemeente en in die samelewing/gemeenskap ten einde die verspreiding van die kwaad te voorkom en die misdaad te bestry!

(2) Tug bevorder geestelike groei.

Volgens Spreuke 15:5 bevorder tug wysheid: “Wie hom laat teregwys, is verstandig.” En Hebreërs 12:10-11 leer: “Ons vaders het ons wel ’n kort tydjie na hulle goeie gedrag, maar Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel. Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, ’n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.” Daarom is tug onontbeerlik vir geestelike groei! Christene wat tug ondergaan, word wyser in hoe hulle hul (behoort te) gedra, en heiliger in hul karakter en vrugbaarder in hulle regverdige handeling!

(3) Tug lei tot die ervaring van lewe en liefde.

Spreuke 6:23 leer: “Wie hom laat teregwys, is op die pad na die lewe toe.” En Spreuke 3:11-12 leer: “My seun, aanvaar die straf wat van die Here kom en moet jou nie teen sy teregwysing verset nie, want die Here straf die mens wat Hy liefhet net soos ’n vader doen met sy seun! Straf (tug) is een van die maniere waarop God sy liefde vir sy kinders uitdruk, omdat Hy die allerbeste vir hulle verlang!

B. HANDELSWYSE VIR DIE UITOEFENING VAN TUG

1. Verskillende soorte van tug.

Inleiding. Daar is sewe soorte van bestraffing of tug in die Bybel: *tug deur God, tug deur die owerheid, tug deur ouers, tug deur die apostels, selftug, wedersydse tug en kerklike tug.*

Lees Spreuke 13:24; Romeine 1:18; Romeine 13:1-5; Galasiërs 1:6-9.

Ontdek en bespreek. Wat is die verskillende redes vir God en die ander gesagsinstellings om tug uit te oefen?

(1) Tug deur God (Christus).

God het Israel gestraf as hulle van Hom afgedwaal het. God het ook die ander volke gestraf, omdat hulle in afgodery en seksuele immoraliteit verval het (Romeine 1:18).

Jesus Christus het die sewe geskiedkundige gemeentes in Klein Asië gestraf gedurende die eerste eeu n.C. Hy het byvoorbeeld gesê: “Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie” (Openbaring 2:4). “Maar Ek het ’n paar dinge teen julle. Julle het mense daar wat die (valse) leer van Bileam aanhang. Hy het vir Balak geleer om die volk Israel van My afvallig te maak, sodat hulle afgodsoffervleis geëet en onsedelikheid bedrywe het. So is daar onder julle dan ook mense wat die (valse) leer van die Nikolaiete aanhang en dieselfde sondes doen” (Openbaring 2:14-15). “Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself ’n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet” (Openbaring 2:20). “Ek weet alles wat julle doen.....Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg. Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle” (Openbaring 3:15-16,19). “Dink aan wat julle ontvang het en gehoor het. Hou daarmee vol en bekeer julle. As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos ’n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie” (Openbaring 3:3).

Jesus kom nou al onverwags na gemeentes om hulle te straf! Die bedoeling van tug is bekering! Wat Jesus aan hierdie sewe gemeentes gesê het, sê Hy vir alle gemeentes in die wêreldgeskiedenis (Openbaring 2:7). Geen Christen of christelike gemeente word vrygestel van die tug van Jesus Christus nie!

(2) Tug deur die owerheid.

God het aan die owerhede in die wêreld die verantwoordelikheid en gesag gegee om kwaaddoeners te straf. Owerhede is ‘God se dienaars’ en moet vrees inboesem by alle kwaaddoeners (en nie by burgers wat reg doen nie)!

Die owerheid het gesag van God gekry om die swaard te dra, d.w.s. om die doodstraf toe te pas (Romeine 13:1-5), maar alleen vir redes wat in die Bybel opgeteken staan (Genesis 9:5-6; Eksodus 21:12-17; Matteus 26:52).

Die gesag van alle owerhede is beperk. Byvoorbeeld, die owerheid van ’n land het nie die gesag gekry om God se heilswerk deur Jesus Christus in daardie land (die verkondiging van die evangelie deur woord en daad) te verhinder of te verbied nie (Handelinge 4:19-20; 5:29)!

(3) Tug deur ouers.

God het aan ouers die verantwoordelikheid en gesag gegee om hulle onmondige kinders op te voed in die dissipline en teregwysing van die Here (Efesiërs 6:4) en as dit nodig is, te straf. “Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is” (Spreuke 13:24). Die Bybel leer ons: “Gee jou seun ’n goeie opvoeding (bestraffing) en jy sal gerus wees oor hom; hy sal jou baie vreugde verskaf” (Spreuke 29:17).

(4) Tug deur die apostels.

Jesus Christus het aan sy twaalf apostels die verantwoordelikheid en gesag gegee om mense in of uit te sluit van die Kerk/Gemeente (Matteus 16:18-19; 18:18; Handeling 5:1-11; 8:14-17; Galasiërs 1:6-9). Hierdie apostoliese tug bestaan nie meer nie, omdat die Kerk/Gemeente met 'n raad van ouderlinge ingestel is en die apostels van Jesus Christus geen opvolgers het nie! Daar bestaan nog wel 'apostels van die gemeentes' as verteenwoordigers of sendelinge van gemeentes (Handeling 14:1-4,26-28; 2 Korintiërs 8:23; Filippense 2:25; 1 Tessalonisense 2:6-7), maar hulle het nie dieselfde gesag soos die apostels van Jesus Christus gekry nie!

2. Selftug.

Lees Matteus 18:7-9; Lukas 6:42-43; Romeine 16:17-18; 2 Johannes 9-10.

Ontdek en bespreek. Hoe moet Christene selftug toepas?

Aantekeninge. Elke mens het die verantwoordelikheid om selftug te beoefen. Deur gebruik te maak van God se genade behoort elke Christen *sy wil* te gebruik om homself elke keer weer toe te wy aan die beoefening van selftug. Uiteindelik hou God tydens die laaste oordeelsdag elke mens verantwoordelik vir sy eie dade

(1) Elke mens is verantwoordelik om sonde weg te doen.

In Lukas 6:42-43 sê Jesus: "Jy wat die balk in jou eie oog nie raaksien nie, hoe kan jy vir jou broer sê: 'Broer, laat my toe om die splinter in jou oog uit te haal'? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter in jou broer se oog uit te haal. Dit is nie die goeie boom wat slegte vrugte dra nie, en ook nie die slegte boom wat goeie vrugte dra nie."

Terwyl nie-Christene geen vergifnis vir hulle sondes ontvang nie (solank as wat hulle ongelowig bly), kan Christene hulle sondes bely en volledige vergifnis ontvang (1 Johannes 1:9). Terwyl nie-Christene slawe van sondes bly (so lank as wat hulle nie weergebore is nie) (Johannes 8:34), het Christene die Heilige Gees wat in hulle woon en hulle help om die sonde te weerstaan (Johannes 8:36).

(2) Elke mens is verantwoordelik om mense wat verdeeldheid saai of 'n valse leer verkondig, te vermy.

Romeine 16:17-18 en 2 Johannes 9-10 leer dat Christene moet wegdraai van mense wat verdeeldheid saai of valse leer verkondig. Terwyl nie-Christene die leuens van die duivel nie kan weerstaan nie (Johannes 8:44; 1 Johannes 5:19), kan Christene wel die duivel weerstaan (Efesiërs 6:16-17; Jakobus 4:7; 1 Petrus 5:8) en het die duivel ook geen houvas op hulle nie (1 Johannes 5:18)!

(3) Elke mens het die verantwoordelikheid om nie ander te laat struikel nie.

In Matteus 18:7-9 sê Jesus: "Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak (wat die mense laat sondig)" (vergelyk Matteus 13:41)! "Dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom!" (Matteus 18:17). Byvoorbeeld, alle mense wat betrokke is by casinos, dobbelplekke, loterye, nagklubs, seksuele immoraliteit, die produsering of verspreiding van dwelms, insluitende sigarette, terroriste organisasies, moord, valse propaganda en leuens, ens. stel struikelblokke vir andere en bevorder dus die kwaad.

3. Wedersydse christelike tug.

Lees Matteus 5:23-24; Matteus 18:15; Galasiërs 6:1.

Ontdek en bespreek. Hoe moet Christene wedersydse tug beoefen?

Aantekeninge. Elke Christen het die verantwoordelikheid en gesag om wedersydse tug te beoefen. Dit maak nie saak of die ander Christen teen God, teen 'n ander persoon of teen jôú persoonlik sondig ('n oortreding begaan) nie.

(1) Elke Christen is verantwoordelik om dadelik iets reg te stel as iemand anders iets teen hom het.

In Matteus 5:23-24 leer Jesus dat as 'n Christen onthou dat iemand iets teen hom het, hy die inisiatief moet neem om met die ander persoon versoen te raak. Wedersydse tug moet onder vier oë en met sagmoedigheid gedoen word.

(2) Elke Christen is verantwoordelik om 'n ander Christen wat teen hom sondig tereg te wys.

In die geval waar twee Christene 'n geskil het of dat 'n Christen die gevoel het dat 'n ander teen hom gesondig het, dan moet hy eers probeer om dit onder vier oë op te los voordat hulle die ouderlinge of die hele gemeente by hul probleem betrek. In Matteus 18:15 sê Jesus: "As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen."

(3) Elke Christen is verantwoordelik om 'n ander Christen wat 'n oortreding begaan het reg te help.

Galasiërs 6:1 leer: "Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom."

4. Kerklike tug van 'n meer persoonlike sonde.

Lees Matteus 18:15-17.

Ontdek en bespreek. Hoe moet Christene tug uitoefen oor 'n persoonlike sonde?

Aantekeninge.

(1) Kerklike tug.

In Matteus 18:15 sê Jesus: “As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen.” As dit egter nie werk nie, is die tweede stap om hom tereg te wys in die teenwoordigheid van een of twee getuies. En as dit dan nog steeds nie werk nie, is die derde stap om hom tereg te wys in die teenwoordigheid van die gemeente (of raad van ouderlinge wat die gemeente verteenwoordig). “As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as ’n heiden en ’n tollenaar (d.i. ’n nie-Christen) behandel.

(2) Die voorgeskrewe stappe om tug uit te oefen by ’n persoonlike sonde.

- **Die eerste stap** is om die oortreder persoonlik onder vier oë tereg te wys deur onder andere sy oortreding aan die lig te bring.
- **Die tweede stap** neem jy eers as hy nie wil luister nie. Neem dan nog een of twee getuies saam en konfronteer hom ’n tweede keer.
- **Die derde stap** neem jy as hy steeds bly weier om te luister. Maak dan sy oortreding bekend aan die raad van ouderlinge wat die gemeente verteenwoordig en nie aan alle mense nie. Die raad van ouderlinge moet hom dan tugtig (bestraf).
- **Die vierde stap** word eers geneem wanneer hy die teregwyding van die raad van ouderlinge bly afwys. Die ouderlinge maak dan sy oortreding aan die hele gemeente bekend en hef sy lidmaatskap van die gemeente amptelik op. Dit word ‘ekskommunikasie’ genoem, omdat die hardkoppige oortreder afgesny word van deelname aan die Nagmaal en van die uitoefening van ’n bediening in die gemeente. Die ander lede van die gemeente moet kennis neem van die besluit van die raad van ouderlinge en hierdie oortreder as ’n nie-Christen beskou en behandel. Dit beteken nie dat die gemeente hom as ’n vyand moet beskou of vermy nie. Die gemeente behandel hom dan as ’n ongelowige wat vir Christus gewen moet word! Christene bly vir hom bid, bly hom besoek en probeer om hom weer terug te wen vir die geloof en gehoorsaamheid aan Jesus Christus.

5. Kerklike tug van ’n meer openbare sonde.

Lees Romeine 12:17-21; 1 Korintiërs 5:1-5,9-13; 2 Tessalonisense 3:6-15; 2 Timoteus 2:25-26; Titus 3:9-11; Jakobus 2:12-13; 3 Johannes 9-10.

Ontdek en bespreek. Hoe moet Christene tug uitoefen oor ’n meer openbare sonde?

Aantekeninge.

(1) Kerklike tug.

Bepaalde oortredings (sondes) kan so ver gevorderd wees dat dat net openbare tug uitgeoefen kan word. Volgens die Bybel moet die volgende sondes openbaar veroordeel word:

- bloedskanie, owerspel, homoseksueel gedrag, geslagsgemeenskap met diere, (Leviticus 18:6,20,22,23; 1 Korintiërs 6:9)
- Diefstal, leuens, bedrog, die aflë van ’n valse eed, afpersing, berowing, die inhou van iemand se arbeidsloon, vervloeking, struikelblokke in die pad lê, onreg in die regspraak pleeg, partyskap, laster (byvoorbeeld in politieke kampanjes), bedreiging van iemand se lewe, jou broer in jou hart haat, deelhê aan ’n ander se skuld, wraak neem, ’n wrok koester, jou naaste nie liefhê nie en oneerlike sake doen (Leviticus 19:11-36)
- in verbinding staan met geeste (spiritiste)(Leviticus 20:27; 1 Timoteüs 4:1-2)
- jou kinders in afgodery betrek, waarsêery en okkultisme, toorkuns, beswerings, valse profesie (Deuteronomium 18:9-14,20)
- verkragting, pedofilie, lover boys (Deuteronomium 22:25)
- prostitusie (Deuteronomium 23:17-18)
- ontvoering, slawehandelaars (Deuteronomium 24:7; 1 Timoteüs 1:8-11)
- die reg van vreemdelingen en wese verdraai (Deuteronomium 24:17)
- wrede bestraffing (Deuteronomium 25:1-3)
- moord (Matteus 15:18)
- haters van God, hooghartig, aanmatigend, verwaand, mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaamheid aan ouers (Romeinen 1:28-32)
- seksuele immoraliteit, geldgierigheid; afgodery (’n ander godsdienst of sekte); lastering; dronkenskap; bedrieëry (1 Korintiërs 5:11)
- leeglêery, te lui on self te werk; met ander mense se sake bemoei (2 Tessalonisense 3:11)
- skeuringe veroorsaak en verdeeldheid saai (Titus 3:10)
- terreur, heilige oorlog voer (Jakobus 4:1-2) geweld, moord
- losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye en afskuwelike afgoderij (1 Petrus 4:3)
- ongelovigen/ontroues, losbandiges, moordenaars, onsedelikes, bedrieërs, afgodediënaars, leuenaars (Openbaring 21:8)

Maar hierdie veroordeling van die oortreder moet altyd gepaard gaan met christelike liefde (1 Korintiërs 13:1-8) en met barmhartigheid. Jakobus 2:12-13 sê: “Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak. Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel!” Wie in ooreenstemming met God se Wet (die Tien Gebooie) leef, saamgevat in die nuwe gebod: “Ek gee

julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê” (Johannes 13:23-25), sal 'n lewe van ware vryheid leef. In die verlossingsplan vereis geregtigheid dat die oortreder veroordeel en gestraf word, en barmhartigheid pleit dat die oortreder gered (verlos) mag word. In die verlossingsplan triomfeer die barmhartigheid! So ook in die kerklike tug, vereis geregtigheid dat die oortreder veroordeel en gestraf word, maar die barmhartigheid pleit dat die oortreder oorreed word om hom te bekeer. Laat in die kerklike tug die barmhartigheid ook oor die oordeel triomfeer!

(2) Die voorgeskrewe stappe om tug uit te oefen by 'n meer openbare sonde.

Byvoorbeeld: valse leer verkondig, seksuele immoraliteit, rusie-en skeurmaker, oneerlikheid m.b.t. geldsake, ens.

- Die eerste stap is dat een van die leiers (soos Titus) die oortreder (sondaar) minstens twee keer *teregwys* (Grieks: me paraggelló, onbepaalde wyse) (Titus 3:10-11), en die tweede keer in die teenwoordigheid van die persoon teen wie hy 'n oortreding begaan het.
- Die tweede stap word eers geneem as hy glad nie ag slaan op die waarskuwing, teregwyding, of verbod nie. Dui spesifiek vir die gemeente sy gedrag aan dat hulle daarvan kennis neem (Grieks: semaioó), sodat hy skaam gemaak word (2 Tessalonisense 3:14-15; 3 Johannes 9-10). Die hele gemeente moet bewus wees van wat hy doen en die gevaar wat daaraan verbonde is. Maar die gemeente moet hom nie as 'n vyand behandel nie.
- Die derde stap word eers geneem as hy nie geraak word deurdat die saak openbaar gemaak is nie en bly weier om sy gedrag te verander. Die gemeente moet dan van hom af weggaan en nie langer (op vertroulike wyse) met hom omgaan nie (2 Tessalonisense 3:6,14). Hy moet ontwyk of vermy word, sodat hy homself kan skaam vir sy gedrag/optrede.

Hierdie soort van bestraffing lyk hard en onregverdig, maar die Bybel het 'n goeie rede vir hierdie bevel. Hierdie soort van bestraffing is nie bedoel vir klein oortredings (sondes) nie en beslis nie vir 'n mens wat berou het, selfs berou het na 'n baie ernstige oortreding nie! Hierdie bestraffing is slegs vir mense wat hardnekkig weier om hulle te bekeer na herhaaldelike waarskuwings. Die hardnekkige oortreder wat nie berou het nie, vernietig nie net sy eie lewe nie, maar infekteer ook die lewens van ander Christene en betrek hulle by sy oortreding (sonde). Die sondes wat hierdie soort bestraffing verdien, is seksuele immoraliteit in alle vorme (pornografie, hoerery, egbreuk, prostitusie, homoseksualiteit, ens.); afgodery in alle vorme (geldsug, magsug, eersug, okkultisme); bitterheid (leuens, lastering, haat saai, Hebreërs 12:15); lastering van God, Christus of die christelike geloof (1 Timoteus 1:19-20); misbruik van alkohol, dwelmmiddels, korrupsie, misdad, ens.). Om te voorkom dat ander Christene in hierdie verkeerde praktyke ingetrek word, moet hulle van sulke oortreders wegbly, of hulle vermy.

Die onboetvaardige mens kan verwerp voel en hom heeltemal teen God, Christus en Christene keer en uiteindelik selfs verlore gaan. Maar as die gemeente toelaat dat hierdie onboetvaardige mens bly voortgaan om sy sondes in hulle midde te doen, kan nog baie meer mense verlore gaan! Die beste benadering is dat 'n ouderling of bevoegde (en bekwame) Christen probeer om met hom kontak te behou en hom sagmoedig te probeer leer om hom te oortuig dat hy hom moet bekeer (2 Timoteus 2:25-26). Die persoon wat hom aanvanklik nie bekeer nie, kan hom diep skaam vir sy onbetaamlike gedrag en kan hom bekeer. Die Christen wat met die persoon kontak behou het, kan so keer dat die sondaar van die christelike geloof afvallig word (vergelyk 1 Timoteus 4:16).

- Die vierde stap word eers geneem as die vermyding van die persoon nie help nie en die oortreder hardnekkig bly weier om hom te bekeer. Dan moet die gemeente die oortreder uit hulle midde verwyder. Die gemeente moet sy lidmaatskap beëindig (1 Korintiërs 5:2), nie meer met hom om te gaan nie (2 Tessalonisense 3:14) en hom voortaan as 'n nie-Christen beskou en sodanig behandel (Matteus 18:17). Sonder die geestelike gemeenskap van die gemeente is hy blootgestel aan die satan, die sondige wêreld en sy eie sondige natuur, “so sou sy sondige aarde (natuur) vernietig word sodat sy gees gered kan word” (1 Korintiërs 5:4-5).

Om van die gemeente afgesny te word is 'n baie ernstige saak. In die geval van 'n swak gemeente soos in Korinte, moet die Christene niks meer met hom te doene hê nie (1 Korintiërs 5:9-11; Titus 3:10).

Maar Christene mag nooit wraak neem nie (Romeine 12:17-21). As hierdie oortreder (sondaar) die eredienste egter wil bywoon, moet die gemeente dit toelaat om hom 'n geleentheid te gee om hom te bekeer. Barmhartigheid triomfeer oor die oordeel (Jakobus 2:13)!

6. Kerklike tug van 'n ouderling of ander leier.

Lees Titus 1:6; 1 Timoteüs 3:2; 5:1-2,17-20; Galasiërs 2:11-16.

Ontdek en bespreek. Hoe moet 'n gemeente tug uitoefen oor die sonde van 'n ouderling of leier in die gemeente?

Aantekeninge.

(1) 'n Ouderling moet in die teenwoordigheid van andere tereg gewys word, maar net as daar minstens twee getuies teen hom getuig.

1 Timoteus 5:19-20 sê: “'n Beskuldiging teen 'n ouderling moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word. Dié wat verkeerde dinge doen, moet jy openlik bestraf (Grieks: elenchó) sodat die ander ook afgeskrik kan word.” Ouderlinge of ander christelike leiers is nie vrygestel van die christelike tug nie! Alle gewone Christene moet bly let op die leer en die gedrag van hulle leiers (1 Timoteüs 4:15-16). En as 'n leier valse leerstellings verkondig

of nie volgens die christelik onderrig leef nie, dan moet hy onder tug geplaas word. Hy moet in die teenwoordigheid van ten minste die ander ouderlinge van die gemeente tereggewys word, sodat ook hulle die gevolge van so 'n sonde vrees.

As hy weier om hom te bekeer of volhard met sy verkeerde gedrag, moet hy eers van sy amp en verantwoordelikhede geskors word en die hele gemeente moet hiervan in kennis gestel word. As hy bly voortgaan om sy hart te verhard, moet die hele gemeente nie meer met hom op vertroulike basis meng nie. As hy steeds bly weier om hom te bekeer, moet die gemeente hom van die gemeente afsny.

(2) 'n Ouderling (kerkleier) moet tereg gewys word ongeag sy ouderdom of posisie in die gemeente.

1 Timoteus 5:1-2, 19-20 leer dat 'n oortreder tereggewys moet word *ongeach sy ouderdom of posisie in die gemeente of samelewing*. In Galasiërs 2:11-16 het die apostel Paulus nie geaarsel om die apostel Petrus in die openbaar tereg te wys oor sy huigelagtige gedrag nie!

Hoewel sommige volke se kulture verbied dat 'n ouer persoon of 'n leier in die gemeenskap tereggewys word, beveel die christelike kultuur of kultuur van die Koninkryk van God dat ouer mense en leiers wat oortree ook tereggewys moet word! In hierdie gevalle moet die volk se kultuur plek maak vir die kultuur van die Koninkryk van God en moet die kultuur van die Koninkryk van God konsekwent in die gemeente deurgevoer word ongeag die volkskultuur!

(3) 'n Ouderling wat in seksuele immoraliteit verval het, moet onmiddellik ontslaan word uit sy amp (posisie).

'n Ouderling of leier wat in seksuele immoraliteit verval het, moet op onmiddellik uit sy amp ontslaan word en onder tug geplaas word, omdat "n ouderling onberispelik moet wees". 'n Ouderling moet "getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig" wees (1 Timoteus 3:2). Dit beteken dus dat hy nie mag flirt of betrokke mag wees by pornografie, seksuele immoraliteit, egbreuk of egskeiding nie, maar dat hy sy vrou in heiligheid en eerbaarheid moet liefhê (1 Tessaloniëns 4:4).

C. HANDELSWYSE VIR DIE HERSTEL VAN 'N BEROUVOLLE SONDAAR

1. Die sondaar moet hom bekeer.

Ontdek en bespreek. Wat beteken die woord 'bekeer'? Hoe wys 'n berouvolle mens sy bekering as hy hom voorheen nie wóú bekeer nie?

Aantekeninge. Om jou te bekeer (Grieks: metanoéo) beteken letterlik 'om jou denke te verander'. Voordat 'n sondaar hom bekeer, probeer hy dikwels eers om homself te regverdig. Hy glo dat hy reg is en wil andere wysmaak dat hy niks verkeerd gedoen het nie! Maar wanneer hy hom werklik bekeer, dan verander hy sy denke, erken hy dat hy gefouteer het en dat God reg is. Om jou te bekeer beteken dat jy werklik *berou* het oor die verkeerde wat jy gedoen het, en vasbeslote is dat jy die kwaad gaan beëindig. Om jou te bekeer beteken *om weg te draai* van die kwaad en jou terug te draai na God en sy weg. Om jou te bekeer beteken om jou denke, houding en gedrag te *hervorm*!

Lees Psalm 32:1-5. So lank as wat die oortreder weier om sy oortreding (sonde) te erken en te bely, sal God hom nie vergewe nie en bring mee dat hy onder sy sonde ly (Vergelyk ook Romeine 1:18-32; 1 Korintiërs 11:30). Sonde moet erken en bely word.

Lees Spreuke 28:13; Jesaja 57:20-21. So lank as wat die oortreder sy oortreding (sonde) bly wegsteek, sal hy nie voorspoedig wees nie. Hy sal geen 'vrede' ervaar nie, maar net onvrede, verwarring, droefheid en allerlei liggaamlike probleme/kwale kry.

Lees Esegieël 18:21-32; Matteus 3:6-10; Handeling 3:19; 26:20. Opregte bekering is nie dieselfde as die erkenning en belydenis van sondes nie. Die oortreder moet wegdraai van sy eie onreg en hom toewy aan God se reg. Hy moet 'die vrugte van die bekering' dra en bewys dat sy bekering sy gedrag verander het (Lukas 3:8).

Lees Lukas 13:1-5. Versuim om tot bekering te kom, lei tot vernietiging!

2. Die sondaar moet bedroef wees soos Góð dit wil hê.

Lees 2 Korintiërs 7:8-11.

Ontdek en bespreek. Wat is die verskil tussen 'droefheid uit wêreldse oorwegings' en 'droefheid volgens die wil van God'?

Aantekeninge. In sy eerste brief aan die Korintiërs (5:1-5) wys Paulus die Korintiërs tereg omdat hulle nagelaat het om 'n broer wat in seksuele immoraliteit leef, onder tug te plaas. Die Christene in die gemeente verdra 'n onaanvaarbare sonde in hulle midde! Die broers het slegs gevoel oor wat Paulus in sy eerste brief vir hulle gesê het, en toe die oortreder uit die gemeente gesit.

In sy tweede brief aan die gemeente skryf Paulus dat hy nie bedoel het om die broers bedroef te maak nie, maar om hulle denke te verander. Hy het gesê: "Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens die wil van God, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie. Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk

die dood.” Paulus het is spyt dat sy eerste brief hulle bedroef gemaak het, maar hy het geen berou dat die brief ’n droefheid en bekering volgens die wil van God teweeg gebring het, nie!

(1) Die droefheid van die wêreld.

As die Korintiërs hulle nie opreg bekeer het nie, sou hulle gereageer het met ’n wêreldse droefheid. Hulle sou as skynheiliges hulleself geregverdig het en selfs bitter beskuldigings kon rondgeslinger het. Dan het hulle gegrief gevoel oor die teregwysing van Paulus en die onaangename gevolge van hulle nalatigheid in die gemeente. Hulle sou hulself kon verlekter in selfbejammering in plaas van opregte berou. Hulle sou teen God en sy onderrig in opstand gekom het in plaas van om hulle na God en sy Woord toe te draai.

Esau is ’n tragiese voorbeeld van wêreldse droefheid. In Hebreërs 12:16-17 lees ons dat hy eers sy geboortereg verkoop het. Eers nadat hy deur sy vader verwerp is, was daar berou en trane, maar daarmee kon hy sy verlore seën nie terugkry nie. Sy berou en trane was dus glad nie omdat hy gesondig het nie, maar omdat hy iets verloor het!

Koning Saul is ’n tweede voorbeeld van wêreldse droefheid. In 1 Samuel 15:17-31 was sy droefheid en erkenning van sonde nie omdat hy berou gehad het oor sy sonde nie, maar omdat hy bang was om iets te verloor, naamlik skande en verloor van aansien voor die ouderlinge van Israel!

In Lukas 23:29-31 was die droefheid en gehuil van die vrouens van Jerusalem nie oor die onreg wat Jesus Christus aangedoen is nie, maar oor die verlies van hulle stad en hulle gesinne. “Die droefheid van die wêreld werk die dood.”

By die laaste oordeel sal die nie-Christene, die ongelowige en ongehoorsame mense ook die droefheid van die wêreld toon wat lei tot gehuil en tandegeknars in die hel (Matteus 13:42; Openbaring 6:15-17).

(2) Die droefheid ooreenkomstig die wil van God.

Die gemeente van Korinte was egter opreg bedroef en het hulle droefheid bewys in ooreenstemming met die wil van God deur hoe hulle gereageer het op die teregwysing van Paulus. Die droefheid ooreenkomstig die wil van God, “bring ’n onberoulike bekering tot redding” teweeg. Hierdie uitdrukking is moeilik om te verstaan. Die Korintiërs was al gered (verlos, salig). As hulle hul egter nie bekeer het van die groot seksuele immoraliteit in hulle midde nie, dan het hulle nie hulle ewige verlossing (redding, saligheid) verloor nie, maar wel hulle voortgaande verlossing (heiligmaking en beloning).

Die betekenis hier kán nie beteken dat menslike berou tot verlossing (saligheid) lei nie. Die grond vir redding (verlossing, saligheid) is nooit wat mense doen (berou hê en hulle bekeer) nie, maar wat God gedoen het (sy genade, vergifnis en aanvaarding, aanneming)! Die Korintiërs het hulle bekeer van hulle verdraagsaamheid teenoor ergerlike sondes in hulle midde. Die uitdrukking kan beter vertaal word met: “Die droefheid in ooreenstemming met die wil van God *produseer* (Grieks: *katergazomai*) *eens en vir altyd* (aoristus tyd) (vers 11) *bekering* (verandering van denke) m.b.t. *verlossing*.” Die feit dat hulle hul bekeer het (hulle denke verander het), bewys dat hulle werklik gered (verlos, salig) is (vergelyk Matteus 3:8)! Dít is dié feit wat Paulus en Timoteus aanmoedig!

Dawid is ook ’n voorbeeld van droefheid oor die sonde ooreenkomstig die wil van God, wat bekering (verandering van denke) geproduseer het. In Psalm 51:2-4,10 sê hy: “Was my skoon van my skuld. ... Teen U alleen het ek gesondig ... Skep vir my ’n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.”

(3) Die waardevolle vrug van bekering.

In 2 Korintiërs 7:11 lees ons van die waardevolle vrug van bekering (van droefheid in ooreenstemming met die wil van God): “Kyk net wat die ervaring van droefheid volgens die wil van God aan julle gedoen het. Nou is daar by julle erns; meer nog, daar is verantwoording, verontwaardiging, ontsag, verlange, ywer en bestraffing van die kwaad. In elke opsig het julle bewys dat julle in hierdie saak onskuldig is.”

- **Erns (Grieks: *spoudé*).** In teenstelling tot hul eerdere sorgeloosheid en onverskilligheid m.b.t. die sonde wat in die gemeente gepleeg is, maak hulle nou erns met die gepleegde sonde.
- **Verantwoording (Grieks: *apologia*).** Verontskuldiging. Hulle wou die sondige saak weer regmaak.
- **Verontwaardiging (Grieks: *aganaktésis*).** Hulle was *verontwaardig*, nie oor die broeder wat die sonde begaan het nie, maar oor hulleself, omdat hulle toegelaat het dat hierdie skandaal in die gemeente onbelemmerd voortgewoek het. Hulle het God se Naam oonteer.
- **Vrees (ANV: *ontslag*)(Grieks: *fobos*).** Hulle het God se straf en die apostoliese gesag van Paulus wat hulle kon veroordeel, gevrees “Wat verkies julle? Moet ek met ’n slaanding na julle toe kom” (1 Korintiërs 4:21)?
- **Verlange (Grieks: *epithésis*).** Hulle het ’n vurige verlange gehad om weer in die reine te kom met God en weer ’n verhouding van vertroue en liefde met die apostel te hê.
- **Ywer (Grieks: *zélós*).** Hulle was ywerig om God se eer en die apostoliese gesag van Paulus in hulle midde te herstel.
- **Bestraffing (Grieks: *ekdikésis*).** Hulle het gesien hoe die skuldige persoon onder kerkelike tug geplaas is (en hoe die valse apostels wat die gemeente ingedring het, verwerp is).

Deur die orde in die gemeente te herstel, het hulle bewys dat hulle onskuldig was m.b.t. die seksuele oortreding van die één broer en die leringe van die valse apostels. Hulle het opgetree en het ’n droefheid in ooreenstemming met die wil van God getoon. Die troebel verlede is weer uit die weg geruim en hulle was rein in hierdie saak.

Maar is dit goed om mense met 'vrees' in plaas van 'liefde' te motiveer? Sowel God in die Ou Testament as Jesus Christus in die Nuwe Testament het mense dikwels gemotiveer met vrees vir die komende oordeel, tensy hulle hul bekeer. As jy mense waarsku dat hulle huis besig is om af te brand, dan motiveer jy hulle met vrees en dit is dikwels die enigste manier om mense tot aksie te beweeg en om weg te vlug van die dreigende gevaar! God se volmaakte liefde sluit nooit sy volmaakte geregtigheid en heiligheid uit nie! En die volmaakte liefde van God sluit nooit 'n gesonde dosis vrees oftewel "ontslag vir God" uit nie (Spreuke 1:20-33)!

3. Die herstel van 'n sondaar wat berou het.

Lees Lukas 15:17-24; 17:3; 2 Korintiërs 2:5-11; Hebreërs 8:12.

Ontdek en bespreek. Hoe moet 'n gemeente 'n oortreder wat berou het, herstel?

Aantekeninge.

(1) Tug beteken teregwyding en bestraffing

met die oog op die terugkeer en herstel van die sondaar.

Tug is 'n soort straf. Maar die doel van hierdie straf is nie om ons woede op die oortreder af te reageer nie, maar om die oortreder te help herstel. Die doel van tug is om die oortreder tot sy sinne te laat kom, om hom te bekeer, om sy gedrag te verander en hom weer terug te bring tot gehoorsaamheid aan Jesus Christus! Die gemeente moet altyd 'n oortreder wat hom bekeer het, weer herstel as deel van die gemeente. In 2 Korintiërs 2:5-11 leer die apostel Paulus die gemeente waarna gekyk moet word by die herstel van 'n oortreder. Natuurlik maak die sonde van die oortreder die hele gemeente bedroef. Deur tug uit te oefen, straf 'n bevoegde Christen of die gemeente die oortreder. As die oortreder hom bekeer, moet die gemeente hom weer vergewe, hom bemoedig en hulle liefde vir hom bevestig.

(2) Vergewe die sondaar wat berou het.

In Lukas 17:3 beveel Jesus Christus: "As jou broer verkeerd optree, berispe hom; en as hy berou kry, vergewe hom." 'n Mens wat baie skuldig voel of hom diep skaam oor die oortreding wat hy begaan het, het 'n groot behoefte aan vergewing van God, vergewing van die mense teenoor wie hy oortree het en ook vergewing van die gemeente waaraan hy behoort wat hy met sy oortreding aanstoot aan gee het.

In Matteus 6:14-15 leer Jesus Christus: "As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie." En Efesiërs 4:32 leer: "Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het!" Wanneer Christene iemand vergewe het, behoort hulle daarna nooit weer oor die oortreding te praat nie (Hebreërs 8:12)!

(3) Bemoedig en bevestig die boetvaardige sondaar opnuut.

Christene moet die boetvaardige oortreder behandel soos Christus ons almal behandel het toe ons ons van ons sondes bekeer het. Christene moet die boetvaardige oortreder bemoedig, sodat hy nie deur 'n al te groot droefheid verteer word nie (2 Korintiërs 2:7). En Christene moet die boetvaardige oortreder weer opnuut verseker van hulle liefde vir hom deur sy lidmaatskap te herstel en weer vertroulik met hom om te gaan. Let op hoe die vader met sy verlore seun gemaak het toe hy weer gevind is (Lukas 15:17-24)!

4. Die herstel van 'n leier wat berou het.

(1) Die vraag of 'n leier wat berou het weer mag lei.

Hierdie gedeelte gaan oor 'n ouderling of ander Christenleier wat 'n oortreding begaan het en gevolglik uit sy amp gesit is of selfs sy lidmaatskap van die gemeente verloor het. As hy opregte berou het, hom bekeer het en sy lewe hervorm het, mag hy dan weer in 'n amp in die gemeente dien of nie?

Dit is 'n baie sensitiewe onderwerp by Christene. Hierdie punt word nie in die Bybel bespreek nie.

(2) Christene wat 'n leier wat berou het nie weer in sy amp wil herstel nie.

Sommige Christenleiers is van mening dat 'n Christenleier wat in seksuele immoraliteit betrokke was, vir ewig van die leierskapsamp geskors moet bly. Hy mag wel in sy lidmaatskap herstel word (en dus ook deelneem aan die Nagmaal), maar hy mag nooit weer 'n ouderling of ander leier word nie.

(3) Christene wat 'n leier wat berou het na 'n proeftyd in sy amp wil herstel.

Ander Christenleiers glo in God se krag en genade om te vergewe en gebroke lewens radikaal te hervorm deur bekering en heiliging. Hulle is van mening dat daar uitsonderings kan wees op die algemene reël dat sulke oortreders nie 'n amp in die gemeente moet beklee nie. As daar baie sterk bewyse is dat sy lewe oor 'n geruime periode (sê vyf jaar) ten goede verander het, dan mag hy weer in aanmerking kom vir leierskap in die gemeente.

God het die profeet Moses herstel nadat hy moord gepleeg het (Eksodus 2:11-12; 3:10). God het die krag van die rigter Simson herstel nadat hy sy nasireëbelofte gebreek het (Rigters 16:17-30). God het koning Dawid herstel nadat hy owerspel en moord gepleeg het (2 Samuel 11:1 – 12:14). God het koning Manasse herstel nadat hy Israel in growwe afgodery, heksery en spiritisme (die geloof dat die gestorwe geeste van mense kan verskyn aan en kommunikeer met mense wat nog lewe d.m.v. mediums en spiritistiese séances) gedompel het (2 Kronieke 33:1-16; Levitikus 19:31).

1 Timoteus 5:19-20 praat oor die openbare teregwyding van 'n ouderling, maar nie om hom vir ewig uit elke verantwoordelikheid te skors nie.

(4) Die finale besluit.

Die ouderlinge van 'n gemeente moet hulle oortuigings toets aan die Bybel. Nietemin moet 'n gemeente hom neerlê by die besluit van die raad van ouderlinge (Hebreërs 13:17).

D. RIGLYNE VIR DIE UITOEFENING VAN TUG

1. Die onderskeiding van probleme.

Inleiding. Ten einde 'n oortreder (sondaar) tereg te wys, moet jy eers feite versamel wat jou help om die eintlike probleem te verstaan. Jy moet kan onderskei tussen die-voor-die-hand-liggende (skynbare) probleem en die werklike probleem.¹

(1) Die voor-die-hand-liggende probleem.

Die voor-die-hand-liggende (skynbare) probleem is die sigbare handeling of reaksie wat gepaard gaan met bepaalde woorde, houdings, en gevoelens van die oortreder. Byvoorbeeld, hy skinder oor sy broer, omdat hierdie broer iets teenoor hom verkeerd gedoen het.

(2) Die eintlike (werklike) probleem.

Die eintlike probleem is die onsigbare handeling of reaksie wat gepaard gaan met verborge gedagtes, houdings en gevoelens wat die wortel is van die eintlike probleem van die oortreder. Byvoorbeeld, hy is verbitterd (onvergewensgesind) teenoor sy broer.

(3) 'n Oefening in die onderskeiding van probleme.

Ontdek en bespreek. Wat is die voor die hand liggende probleem en die eintlike probleem in die volgende Bybelgedeeltes?

Aantekeninge.

Lees 2 Kronieke 33:1-6, 21-22. Die voor die hand liggende probleem van koning Amon was dat hy betrokke geraak het by die verkeerde soort mense, naamlik afgodsdienaars. Sy eintlike probleem was dat hy uit 'n onstabiele huisgesin gekom het waar sy vader ook 'n afgodsdienaar was.

Lees Psalm 32:1-4. Die voor die hand liggende probleem van de Psalmis is dat hy nie kon slaap nie, geen energie gehad het nie en siek was van al sy sorge. Sy eintlike probleem was dat hy skuldig gevoel het oor een of ander sonde wat hy gedoen het.

Lees Matteus 22:23, 29. Die voor die hand liggende probleem van die Sadduseërs en ander godsdienstige groeperinge in die wêreld is dat hulle valse leerstellings vir mense leer. Die eintlike probleem is dat hulle nie weet wat die Bybel leer nie!

Lees Markus 7:1-9. Die voor die hand liggende probleem van die Fariseërs, en sommige gemeentes, is dat hulle baie mensgemaakte wette (reëls) leer en die Christene kritiseer as hulle nie hierdie wette (reëls) hou nie. Die eintlike probleem is dat hulle die Bybel en dit wat die Bybel leer gelos het ten einde vas te kan hou aan hulle eie wette (reëls, tradisies) wat mense of kerkgenootskappe deur die loop van jare gemaak het.

Lees Lukas 8:11,14. Die voor die hand liggende probleem is dat hy as Christen onvolwasse en onvrugbaar bly. Die eintlike probleem is dat die bekommernisse, rykdom en genieting van die lewe God se Woord in hom verstik het.

Lees Lukas 18:18,22. Die voor die hand liggende probleem is dat die ryk jongman nie weet wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe nie. Die eintlike probleem is dat hy nie gewillig was om sy liefde vir geld te los nie.

Lees Romeine 1:18-32. Die voor die hand liggende probleem is dat hulle moreel verdorwe is - hulle is betrokke in seksuele immoraliteit, afgodery en misdaad. Die eintlike probleem is dat hulle die waarheid (in die Bybel) onderdruk of vervang het met leuens. Seksueel immorele Christene verander altyd hul teologie en wanneer 'n Christen sy teologie (sy oortuigings m.b.t. die Bybel) verander, dan is daar meestal 'n onderliggende immorele probleem.

Lees 1 Korintiërs 3:1-4. Die voor die hand liggende probleem is dat die Christene in die gemeente wêrelds (vleslik, ongeestelik) is en dat daar geen onderskeid is tussen hulle en die nie-Christene nie. Hulle maak rusie en saai verdeeldheid (skei af in sektes). Die eintlike probleem is dat hulle nie tot (volwasse en funksionerende) dissipels van Jesus Christus gemaak is nie.

Lees 2 Korintiërs 4:2; Efesiërs 5:8-12. Die voor die hand liggende probleem is dat hulle vrydenkers is en die sondige praktyke in die wêreld goedkeur (goedpraat). Die eintlike probleem is dat hulle 'n geheim in hulle eie lewens het wat hulle probeer wegsteek (verberg).

Lees Efesiërs 4:13-15. Die voor die hand liggende probleem is dat hulle mislei is deur valse leerstellings. Die eintlike probleem is dat hulle nie tot volwasse Christene opgegroeï het nie en nie hulle eie Bybelse oortuigings ontwikkel het nie.

¹ Engels: *the surface problem and the root problem.*

Lees 1 Timoteus 1:19. Die voor die hand liggende probleem van hierdie twee mense was dat hulle hul geloof in Jesus Christus verloor het. Die eintlike probleem was dat hulle 'n goeie gewete onderdruk het.

Lees Jakobus 4:2-3. Die voor die hand liggende probleem is dat hy nie ervaar dat God sy gebede verhoor nie. Die eintlike probleem is dat hy selde of glad nie bid nie, of dat hy een of ander sonde in sy hart vertroetel (Psalm 66:18; Jesaja 59:1-2; 1 Petrus 3:12).

Lees 3 Johannes 9-10. Die voor die hand liggende probleem van hierdie kerkleier is dat hy kwaad praat van ander Christene (gemeentelede of leiers) en ander goeie arbeiders uit hulle gemeente weghou. Die eintlike probleem is dat hy die eerste en belangrikste wil wees en daarom met magmisbruik elkeen onder sy beheer wil hou.

Lees Openbaring 2:4-5. Die voor die hand liggende probleem van hierdie gemeente is dat hulle nie meer doen wat hulle vroeër gedoen het toe hulle nog 'n groeiende en lewendige gemeente was nie. Die eintlike probleem is dat die gemeente hulle eerste liefde vir Jesus Christus verloor het.

2. Riglyne vir die uitoefening van tug.

Onderrig. Die Bybel leer die volgende riglyne vir die uitoefening van tug.

(1) Tugtig die oortreder met die waarheid.

Matteus 7:1-2 leer dat Christene veronderstellings en ongefundeerde oordele kan uitspreek oor ander mense.

1 Korintiërs 5:12-13 leer dat Christene glad nie mag oordeel oor nie-Christene nie, maar net oor ander Christene in hulle eie gemeente! Johannes 7:24 leer dat Christene 'n ander persoon nie mag oordeel op grond van wat voor oë is, of op grond van hoorsê wat eintlik skinderstories is. Johannes 18:23 leer dat Christene duidelike bewyse of 'n getuie moet hê oor wat daar verkeerd gesê of gedoen is (die waarheid). Spreuke 18:17 leer dat Christene nooit 'n saak net van één kant af moet beluister nie, maar altyd van beide kante af. 2 Timoteüs 3:16 leer dat die Bybel die enigste standaard vir die waarheid is.

(2) Tugtig die oortreder regverdig.

Levitikus 19:15 en Deuteronomium 16:18-19 leer dat Christene 'n oortreder regverdig en billik moet oordeel. Christene mag nooit partydig wees nie of deel wees van 'n boetie-boetie politiek! Spreuke 17:8, 23 leer dat dit absoluut verbode is om omkoopgeld of omkoopgeskenke te gee of te ontvang, omdat hierdie dinge die reg verdraai! 1 Korintiërs 6:11 leer dat Christene 'n regspraak eerder na wyse broers in julle eie gemeente moet bring as om die saak voor 'n wêreldse regter te bring wat nie rekening hou met Bybelse beginsels nie! 'n Wêreldse regter het 'n ander waardesisteem en ander belange en kan nie 'n regverdig oordeel vel nie!

(3) Tugtig die oortreder ferm.

Spreuke 27:5 sê: “'n Openlike bestraffing is beter as liefde wat onsigbaar bly”. Die Griekse vertaling van die Ou Testament gebruik ‘elenchó’ vir ‘bestrafing’ en dit beskryf verskillende aspekte van teregwysing:

- Aan die lig bring. Volgens Efesiërs 5:11-13 moet Christene eerstens die spesifieke oortreding (sonde) *aan die lig bring*. Die oortreder (sondaar) moet duidelik begryp waarom dit gaan. Hy moet besef dat sy oortreding (sonde) verkeerd is in God se oë.
- Teregwysing. Volgens Spreuke 28:23 moet Christene die oortreder (sondaar) *teregwys* deur sy gedrag af te keur.
- Weerlê. As die oortreder probeer om sy gedrag te regverdig of goed te praat, moet Christene volgens Titus 1:9 sy argumente weerlê met die gesonde toepaslike leerstellings in die Bybel. Hulle moet wel die oortreder kans gee om sy gedrag te verduidelik. Daar kán 'n goeie rede wees waarom hy hom so gedra het. As Christene 'n verkeerde gevolgtrekking (aanninge) of 'n beskuldiging gemaak het wat hy nie verdien het nie, moet hulle hom onskuldig verklaar.
- Oortuig. Ondertussen bid Christene dat die Heilige Gees die oortreder (sondaar) *oortuig* van sy skuld en oortuig van die erns van sy oortreding, sodat hy skuldig en skaam voel en begeer om hom te bekeer (Johannes 16:8).
- Korrigeer. Volgens 2 Timoteus 3:16 moet Christene die oortreder (sondaar) *korrigeer* deur aan hom die regte pad te wys wat hy moet volg.
- Straf. As die oortreder (sondaar) hom bly verhard in sy ongehoorsaamheid, dwaasheid, arrogansie en rebellie, of die gesag van die ouderlinge uitdaag (tart), dan moet hy op 'n gepaste wyse *gestraf* word (Spreuke 22:15; Hebreërs 12:6; Openbaring 3:19).

Wanneer die saak in kwessie gaan oor die Afrikaanse strafreg (byvoorbeeld, verkragting, pedofilie, ontvoering, dwing tot prostitusie, diefstal, ensovoorts) moet ook 'n verklaring aan die owerheid afgelê word. Die kerkraad mag hierdie saak nie in die doofpot stop nie.

(4) Tugtig die oortreder met liefde.

Die doel van tug is om die oortreder (sondaar) te herstel. Christene moet die oortreder (sondaar) liefhê deur hom onder tug te plaas, maar wel op 'n Bybelse wyse. Deur niks te sê of te doen (geen tug uit te oefen) nie, sal die oortreder (sondaar) verseker ten gronde gaan, en sal die gemeente hulle geloofwaardigheid in die oë van die gemeenskap in die wêreld verloor en sal God onteer word. Maar as die oortreder (sondaar) hom bekeer, moet die Christene hom liefhê deur hom te vergewe en weer in die gemeente terug te neem.

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	--------------------------------------------------------

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	-------------------------------------------------

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor "Uitoefening van tug" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 2 Petrus 1 – 3 en Judas 1. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. (4) Voed op in die Here. Efesiërs 6:4.
Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 18.
Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.